

Desimale Breuke en Persentasies

Wat gaan jy doen as jy 'n breuk het soos $\frac{5}{6}$, wat nie maklik na 'n 100 onder die lyn omgeskakel kan word nie? Jy kan wel eers omskakel na 600 onder die lyn, en dan deel met 6 $\left(\frac{5 \times 100}{6 \times 100} = \frac{500}{600}\right)$, maar dit gaan nog steeds 'n proses wees om 500 te deel met 6.

'n Alternatief wat jy dus kan onthou, veral vir wanneer die getal onder die lyn nie maklik na 100 toe kan omskakel nie, is om langdeling of kortdeling te gebruik, met 'n paar nulle in die desimale plek.

$$\begin{array}{r} 0,8 \ 3 \\ 6 \overline{)5,0^2 0} \end{array} \quad \text{of}$$

$$\begin{array}{r} 0,83 \\ 6 \overline{)5,00} \\ - 48 \\ \hline 20 \\ - 18 \\ \hline 2 \end{array}$$

As jy nou net kyk na die eerste twee desimale plekke, dan behoort jy te onthou dat dit as 'n gewone breuk op twee nulle geskryf kan word.

0,83 sal dan $\frac{83}{100}$ wees, en is dan 83%. As jy verder gegaan het as twee desimale plekke, sê nou maar in die voorbeeld hierbo, sou jy gehad het 0,83333 (tot by vyf desimale plekke).

Fokus nog steeds net op die eerste twee desimale, skryf dit as $\frac{83,333}{100}$, en dan word dit 83,333%.